INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 0 3 5 | Datum 9 7 1 2 2 0 3 5 4 | Onderwerp nr. 1 5 | Knipsel nr. 2 4 3 9 1

Beeld Jg........ Nr........ P. 4 Dat. 20 DEC 1997

# Vloedgolf vra WVK vergoeding van staat vir menseregteskendings

Desmond Thompson

'n Vloedgolf mense het kort voor die sperdatum van 15 Desember by die WVK aangeklop om vergoeding van die staat vir growwe menseregteskendings wat tussen 1960 en 1994 plaasgevind het.

KwaZulu-Natal het die grootste toeloop ervaar, waar sowat 3 200 slagoffers, hoofsaaklik IVP-lede, verlede week verklarings oor menseregteskendings gedoen het.

Me. Hlengiwe Mkhize, voorsitter van die WVK se komitee oor herstel en rehabilitasie, het dit toegeskryf aan politieke verskuiwings wat die IVP meer toegeneë teenoor die WVK gemaak het.

Volgens me. Christelle Terreblanche, WVK-woordvoerder, was die kommissie vandeesweek nog besig om die vorms te verwerk. Voorlopige berekenings dui egter op sowat 19 000 verklarings deur slagoffers wat vra om vergoeding.

In KwaZulu-Natal en die Vrystaat is sowat 8 200 verklarings ontvang, in Gauteng 6 300, in die Oos-Kaap 2 800 en in die Wes-Kaap 1 700.

Dr. Wendy Orr, WVK-kommissaris, het vroeër gesê die WVK voorsien dat sowat 25 000 slagoffers en oorlewendes van gruweldade soos moord, ontvoering, aanranding en marteling uiteindelik sal kwalifiseer vir geldelike hulp van die staat.

Die WVK se komitee vir herstel en rehabilitasie het vroeër vanjaar afsonderlike toekennings van gemiddeld R21 600 oor die volgende ses jaar voorgestel. Dit sal sowat R3 miljard kos wat uit die Presidentsfonds verhaal sal word. Die voorstel om die Sasria-fonds deels hiervoor aan te wend word ook oorweeg.

Om die maatskaplike karakter in sy geheel te herstel word opheffingsprogramme voorgestel op gebiede soos gesondheid, onderwys, behuising en welsyn wat deur afsonderlike staatsdepartemente uitgevoer moet word.

Die eerste hulpverlening sal tussentydse vergoeding wees vir slagoffers wat dringend mediese, opvoedkundige, emosionele of materiële hulp nodig het, of simboliese regstelling verlang.

TREFWOORDE
1 Kommissie v Waarheid
2 statistiek
3 slagoffers
4 skendings
5 menseregte
6 Veiligheid Onthulling
7 Wet
8 skadevergoeding
9
10